

OPSOMMING VAN DIE VERNAAMSTE

# Wetgewing

Rakende Water-/Opvanggebiedbeskerming  
en -Bestuur





### Voorwoord en Dank

Die boekie vorm deel van 'n reeks wat 'n kapasiteitsbou-inisiatief vir Watergebruikersverenigings en Opvanggebiedforums in die Olifants-Doorn waterbestuursgebied (WBG) ondersteun.. Die inisiatief is 'n loodsprojek vir moontlike verdere toepassing in die res van Suid Afrika. Die boekie is dus geskryf om regdeur die land toepaslik te wees.

WWF-SA het die projek geïnisieer en die materiaal ontwikkel met steun van FETwater en ander vennote. Die Wes-Kaapstreek van die Departement van Waterwese en Bosbou (DWB) pas die kapasiteitsbouprogram in die Olifants-Doorn WBG toe, met die hulp van Danida. Vir meer inligting oor die inhoud en die kapasiteitsbou-inisiatief, skakel die bestuurder van die Olifants-Doorn WBG in die Wes-Kaapse streekkantoor van die DWB.

Illustrasies: Tammy Griffin



# INHOUD

|   |    |
|---|----|
| Oorsig  | 4  |
| <b>1.</b> Suid-Afrikaanse Grondwet  | 5  |
| <b>2.</b> Wet op Nasionale Omgewingsbestuur   | 7  |
| <b>3.</b> Nasionale Omgewingsbestuur:<br>Wet op Biodiversiteit  | 11 |
| <b>4.</b> Nasionale Waterwet  | 17 |
| <b>5.</b> Wet op Waterdienste en Wysigingswet<br>op Waterdienste  | 37 |
| <b>6.</b> Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne   | 39 |
| <b>7.</b> Wet op Lewende Mariene Hulpbronne   | 41 |
| <b>8.</b> White Paper on Coastal Zone Development –<br>word die Nasionale Omgewingsbestuur:<br>Kussonewetsontwerp | 42 |
| <b>9.</b> Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels  | 43 |
| <b>10.</b> Wet op Ontwikkelingsfasilitering   | 44 |
| <b>11.</b> Wet op die Ontwikkeling van Minerale en<br>Petroleumhulpbronne   | 45 |
| <b>12.</b> Vir Meer Oor Wetgewing   | 46 |

# Oorsig

---

\* Dit is die belangrikste Wet wat riglyne gee oor die bestuur van die natuurlike waterhulpbronne tot voordeel van Suid-Afrikaanse burgers en die omgewing.

\*\* Hierdie wette handel oor die voorsiening van voldoende, veilige water vir alle menslike behoeftes.

---

Water- en opvangsgebiedsbestuur in Suid-Afrika word deur die Suid-Afrikaanse Grondwet (1994) en die volgende sleutelwette gelei:

1. Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (WNOB), No. 107 van 1998
2. Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur, No. 7 van 2003 (nie in Afrikaans uitgegee nie; eie vertaling van titel)
3. Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Biodiversiteit, No. 10 van 2004 (nie in Afrikaans uitgegee nie; eie vertaling van titel)
4. \*Nasionale Waterwet, No. 36 van 1998
5. \*\*Wet op Waterdienste, No. 108 van 1997 (en die \*\*Wysigingswet op Waterdienste, No. 30 van 2004).

Nog 'n Wet wat spesifiek fokus op landbouhulpbronne, insluitend grond en water (veral in vleilande), en op indringerplante, is die:

6. Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, No. 43 van 1983.

Hierbenewens is daar 'n aantal nasionale beleide en wette rakende die bestuur van mariehulpbronne en die kuslyn, wat 'n invloed op die bestuur van riviermondings het. Hulle sluit in:

7. Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, No. 18 van 1998 (let op dat 'mariene' 'n verouderde spelvorm is wat slegs in direkte aanhalings gebruik sal word)
8. Nasionale Omgewingsbestuur: Kussonewetsontwerp (nie in Afrikaans uitgegee nie).

Daar is ook wetgewing wat dien as riglyne vir grondgebruik- en infrastruktuur- en ander ontwikkelingsbeplanningsprosesse wat 'n invloed op opvangsgebiedsbestuur het, insluitend:

9. Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, No. 32 van 2000
10. *Wet op Ontwikkelingsfasilitering*, No. 67 van 1995.

Nóg 'n stuk wetgewing wat ontwerp is om die omgewingsimpak (en ander) uitwerkings van mynbou, insluitend in kusgebiede en in die see, te beheer en te beperk, is die:

11. Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, No. 28 van 2002 (nie in Afrikaans uitgegee nie).

# Suid-Afrikaanse Grondwet

*“Hierdie Grondwet is die hoogste reg van die Republiek; enige regsvoorskrif of optrede daarmee onbestaanbaar, is ongeldig en die verpligtinge daardeur opgelê, moet nagekom word.”* Dit beteken dat alle wetgewing aan die artikels van die Grondwet moet voldoen. Dié artikels is gegrond op ’n aantal grondliggende waardes, met inbegrip van: *menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede.*

---

’n Elektroniese weergawe van die Handves van Regte is op die CD ingesluit.

---

Die **‘Handves van Regte’**, hoofstuk 2 van die Grondwet, identifiseer in besonderhede die **regte** waarop alle Suid-Afrikaanse geregtig is en dit sluit, benewens talle ander regte, die volgende in:

## Omgewing

Elkeen het die reg

- a. op ’n omgewing wat nie skadelik vir hulle gesondheid of welsyn is nie; en
- b. op die bewaring van die omgewing, tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewing en ander maatreëls wat
  - i. besoedeling en ekologiese agteruitgang verhoed;
  - ii. bewaring bevorder; en
  - iii. ekologies volhoubare ontwikkeling en die gebruik van natuurlike hulpbronne waarborg, terwyl regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder word.

## Gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekerheid

1. Elkeen het die reg op toegang tot
  - a. *gesondheidsorgdienste, met inbegrip van reprodktiewe gesondheidsorg;*
  - b. *voldoende voedsel en water; en*
  - c. *maatskaplike sekerheid, met inbegrip van gepaste maatskaplike bystand indien hulle nie in staat is om hulleself en hulle afhanklikes te onderhou nie.*
2. Die staat moet redelike wetgewende en ander maatreëls tref om binne sy beskikbare middele elk van hierdie regte in toenemende mate te verwesenlik.
3. Niemand mag mediese noodbehandeling geweier word nie.

In verhouding tot die verantwoordelikheid vir die bestuur van die waterhulpbronne en die bepaling

Die Grondwet is veral belangrik vir Waterreg:

*“Alle Regeringsministeries is verantwoordelik om voldoening van hulle wetgewing aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Grondwet te verseker.”*

- **Die nasionale regering** is die bewaarder van die waterhulpbronne, soos riviere, riviermondings, vleilande, grondwater en damme; en
- **Plaaslike regering** is in beheer van munisipale waterdienste.

# Wet op Nasionale Omgewingsbestuur

Hierdie Wet (WNOB, No. 107 van 1998) is die oorkoepelende omgewingswet vir die land. Dit is ontwerp om uitvoering te gee aan die reg op die omgewingsregte vervat in die Grondwet. Alle ander omgewingswette, insluitend die Biodiversity Act (Biodiversiteitswet), die Air Quality Act (Wet op luggehalte) en die Nasionale Waterwet is uitbreidings van die WNOB.

In die WNOB word die omgewing omskryf as die natuurlike omgewing en *"die fisiese, chemiese, estetiese en kulturele eienskappe en toestande . . . wat menslike gesondheid en welsyn beïnvloed."*

Die WNOB handel oor die **beskerming van alle aspekte van die natuurlike omgewing** teen bedreigings soos skade aan natuurlike hulpbronne deur onvanpaste ontwikkeling, besoedeling, swak bestuur of oorbenutting.

Vir hierdie beskerming het die WNOB 'n stel **omgewingsbeginsels** ontwikkel wat die regering inlig oor hoe om op te tree. Volgens 'n handleiding tot die WNOB (*Users Guide to NEMA*, nie in Afrikaans uitgegee nie), doen the WNOB die volgende:

*Dit sê byvoorbeeld aan die regering wat 'volhoubare ontwikkeling' beteken, en dat die publiek aktief betrek moet word wanneer besluite geneem word wat die omgewing raak.*

*Dit help die omgewing beskerm deurdat die regering aandag moet gee aan al die 'omgewingsimpakte' wat 'n ontwikkeling kan hê voordat toestemming gegee word dat dit kan voortgaan.*

*Dit beskerm werkers wat weier om werk te doen wat die omgewing kan skaad, en mense wat inligting gee oor ander wat die omgewing skade berokken.*

*Dit maak dit ook vir ons makliker om probleme en verskille op te los ('konflikbeslegting' en 'versoening'). Laastens verminder dit die risiko's indien jy moet hof toe gaan om jou regte te beskerm, as ander probleemoplossings nie gewerk het nie.*

---

'n Elektroniese weergawe van die Wet is op die CD ingesluit.

---

*Hierbenewens maak die WNOB dit vir jou makliker as wat dit in die verlede was om jou omgewingsregte te beskerm. Toe kon jy net hof toe gaan as jou gesondheid of eiendom benadeel is. Die WNOB sê jy kan nou hof toe gaan selfs al word jou gesondheid of eiendom nie geraak nie. Dit sê jy kan wettige stappe neem om 'n omgewingswet of 'n beginsel van die WNOB af te dwing:*

- om jou eie belange te beskerm*
- om die belange te beskerm van iemand anders wat dit vir praktiese doeleindes nie self kan doen nie*
- namens 'n groep persone wie se belange geraak word*
- in die openbare belang*
- in belang van die beskerming van die omgewing*

Die volgende is sommige van die sleutelbeginsels wat van besondere belang vir water- en opvangsgebiedsbestuur is:

### 'n Paar Sleutelbeginsels in die WNOB

- Omgewingsbestuur moet mense en hulle behoeftes vooropstel, en hulle fisiese, sielkundige, ontwikkelings-, kulturele en maatskaplike belange billik dien.
- Ontwikkeling moet sosiaal, ekologies en ekonomies volhoubaar wees.
- Volhoubare ontwikkeling vereis die oorweging van alle tersaaklike faktore met inbegrip van die volgende:
  - i. dat die versteuring van ekosisteme en die verlies van biologiese verskeidenheid vermy word, of, waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit so klein moontlik gehou of reggestel word;
  - ii. dat besoedeling en agteruitgang van die omgewing vermy word, of, waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit so klein moontlik gehou of reggestel word;
  - iii. dat die gebruik en ontginning van die nieherwinbare natuurlike hulpbronne verantwoordelik en billik geskied, en die gevolge van die uitputting van die hulpbron in ag geneem word;
  - iv. dat die ontwikkeling, gebruik en ontginning van herwinbare hulpbronne en die ekosisteme waarvan hulle deel is, nie bo die vlak styg waardeur hulle integriteit in gevaar gestel word nie;
- Omgewingsbestuur moet geïntegreerd wees, erkentlik daaraan dat alle elemente van die omgewing met mekaar skakel en onderling verbind is, en dit moet die uitwerking van besluite op alle aspekte van die omgewing en alle mense in die omgewing in aanmerking neem, deur die beste uitvoerbare omgewingsopsie na te streef.
- Billike toegang tot omgewingshulpbronne, -voordele en -dienste, om aan basiese menslike behoeftes te voldoen en om menslike welsyn te verseker, moet nagestreef word en spesiale stappe kan gedoen word om toegang daartoe deur kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is, te verseker.
- Die omgewing word in openbare trust vir die nasie gehou. . . . die voordelige gebruik van omgewingshulpbronne moet die openbare belang dien en die omgewing moet as die mensdom se gemeenskaplike erfenis beskerm word.
- Sensitiewe, kwesbare, hoogs dinamiese ekosisteme of ekosisteme onder druk, soos kusstrande, riviermondings, vleilande en soortgelyke stelsels, verg spesiale aandag in bestuurs- en beplanningsprosedures, veral waar die stelsels onderworpe is aan beduidende menslike hulpbrongebruik en ontwikkelingsdruk.

Nuwe **regulasies oor die Evaluering van Omgewingsinwerking (EOI)** (slegs in Engels, EIA Regulations) is in April 2006 kragtens hoofstuk 5 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur gepubliseer. Die regulasies het in Julie 2006 in werking getree. Aktiwiteite wat 'n 'basiese evaluering' vereis, asook die bevoegde owerhede, word gelys. Aktiwiteite soos baggering, uitgraving, opvulling en verwydering van grond uit 'n riviermonding vereis byvoorbeeld almal 'n basiese evaluering.

---

Die hoofverantwoordelikheid vir die implementering van die WNOB berus by die nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme (DOS&T).

---

Aktiwiteite wat kragtens artikel 24 van die WNOB geïdentifiseer is en wat 'n omvangsbepaling en volledige omgewingsevaluering vereis ingevolge regulasies 27 tot 36 (Suid-Afrika 2006c) word ook in 'n latere staatskoerant geïdentifiseer. Dit sluit byvoorbeeld ontwikkelingsaktiwiteite wat 20 hektaar oorskry, en konstruksie- of grondverskuiwingsaktiwiteite in die see of binne 100 m landwaarts van die hoogwatermerk, in. Die regulasies is veral relevant vir riviermondings al langs die Suid-Afrikaanse kus, wat onder groot ontwikkelingsdruk verkeer.

# Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteitswet

Die basiese **doel** van hierdie wet is om al Suid-Afrika se biodiversiteit te beskerm (behalwe die marinekomponent, wat nou deur die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne gedek word). Alle landgebaseerde (terrestriese) en watergebaseerde (akwatiese) lewe, beide binne en buite beskermde gebiede, word deur die biodiversiteitswet gedek.

---

'n Elektroniese weergawe van die Engelse Wet is op die CD ingesluit.

---

## Oogmerke van die Biodiversiteitswet (NOB:BW, Wet No. 10 van 2004, nie in Afrikaans uitgegee nie)

*Die oogmerke van die wet is:*

- a. om binne die raamwerk van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur voorsiening te maak vir -
  - i. *die bestuur en bewaring van biologiese diversiteit en die komponente van hierdie biodiversiteit in die Republiek*
  - ii. *die gebruik van inheemse biologiese hulpbronne op 'n volhoubare wyse en*
  - iii. *belanghebbers se regverdige en billike deling van voordele voortspruitend uit bioprospektering waarby inheemse biologiese hulpbronne betrokke is;*
- b. om uitvoering te gee aan geratifiseerde internasionale ooreenkomste ten opsigte van biodiversiteit, wat bindend op die Republiek is
- c. om voorsiening te maak vir samewerkende bestuur in biodiversiteitsbestuur en –bewaring en
- d. om voorsiening te maak vir 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut om te help met die bereiking van die oogmerke van hierdie wet.

Die Biodiversiteitswet is **van toepassing** op *menslike aktiwiteite wat Suid-Afrika se biologiese diversiteit en sy komponente beïnvloed*. As sodanig dek dit alle aktiwiteite wat met die benutting van alle komponente van ons rivieropvangsgebiede verband hou, insluitend vleilande, riviere/strome, riviermondings en grondwater, en alle biodiversiteit wat van hierdie stelsels afhanklik is.

Voorts moet die **toepassing** van hierdie wet gelei word deur die nasionale omgewingsbestuurs**beginsels** soos uiteengesit in artikel 2 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur.

Wat betref enige konflik tussen die biodiversiteitswet en enige ander wetgewing, bepaal die wet:

*In die geval van 'n konflik tussen 'n artikel van hierdie wet en*

- a.** ander nasionale wetgewing wat van krag is onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie wet, geniet die artikel van hierdie wet voorrang indien die konflik spesifiek die bestuur van biodiversiteit of inheemse biologiese hulpbronne raak;
- b.** provinsiale wetgewing, moet die konflik kragtens artikel 146 van die Grondwet besleg word; en
- c.** 'n munisipale ordonnansie, geniet die artikel van hierdie wet voorrang.

In **hoofstuk 2** gee die wet die regsraamwerk vir die instelling, magte en pligte van die **Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut** (SANBI) wat 'n wye verskeidenheid aktiwiteite moet verrig om die land se biodiversiteit te beskerm en te bestuur.

**Hoofstuk 3** van die wet is ingesluit om:

- a.** voorsiening te maak vir geïntegreerde en gekoördineerde biodiversiteitsbeplanning;
- b.** voorsiening te maak vir monitering van die bewaringstatus van verskeie komponente van Suid-Afrika se biodiversiteit; en
- c.** biodiversiteitsnavorsing te bevorder.

Dit sluit in die ontwikkeling van **biostreekplanne**, en die ontwikkeling, koördinerings en monitering van **biodiversiteitbestuursplanne**.

In **Hoofstuk 4** val die klem op **bedreigde of beskernde ekosisteme en spesies**, met die doel om:

- *voorsiening te maak vir die beskerming van ekosisteme wat bedreig word of beskerm moet word ten einde hulle voortbestaan in die natuur te*
- *versekervoorsiening te maak vir die beskerming van spesies wat bedreig word of beskerm moet word ten einde hul ekologiese integriteit te verseker*
- *uitvoering te gee aan die Republiek se pligte ingevolge internasionale ooreenkomste wat internasionale handel in bedreigde spesies reguleer*
- *te verseker dat die benutting van biodiversiteit op 'n ekologiese en volhoubare wyse bestuur word.*

### **Bedreigde Ekosisteme**

Artikel 52(2) gee die volgende omskrywings van ekosisteme wat onder verskillende grade van bedreiging verkeer:

- krities bedreigde ekosisteme** is ekosisteme wat erge agteruitgang in ekologiese struktuur, funksie of samestelling ondergaan het as gevolg van die mens se ingryping en aan 'n uiters hoë risiko van onomkeerbare transformasie onderhewig is;
- bedreigde ekosisteme** is ekosisteme wat agteruitgang in ekologiese struktuur, funksie of samestelling ondergaan het as gevolg van die mens se ingryping, hoewel hulle nie krities bedreigde ekosisteme is nie;
- kwesbare ekosisteme** is ekosisteme wat 'n hoë risiko loop van beduidende agteruitgang in ekologiese struktuur, funksie of samestelling as gevolg van die mens se ingryping, hoewel hulle nie krities bedreigde ekosisteme of bedreigde ekosisteme is nie;
- beskernde ekosisteme** is ekosisteme wat hoë ekologiese waarde het of wat van besondere nasionale of provinsiale belang is, hoewel hulle nie kragtens paragrafe (a), (b) of (c) gelys is nie.

Riviere en opvangsgebiede is ekosisteme en baie van hulle sal waarskynlik aan hierdie artikel van die wet onderhewig wees.

### Bedreigde Spesies

Die wet gee ook aandag aan **spesies** wat bedreig word of beskerming nodig het:

- a. 'n **krities bedreigde spesie** is enige inheemse spesie wat in die onmiddellike toekoms 'n uiters hoë risiko van uitwissing in die natuur loop;
- b. 'n **bedreigde spesie** is enige inheemse spesie wat in die onmiddellike toekoms 'n uiters hoë risiko van uitwissing in die natuur loop, hoewel dit nie 'n krities bedreigde spesie is nie;
- c. 'n **kwesbare spesie** is enige inheemse spesie wat op medium termyn 'n uiters hoë risiko van uitwissing in die natuur loop, hoewel dit nie 'n krities bedreigde spesie of bedreigde spesie is nie en;
- d. 'n **beskermd spesie** is enige spesie wat so 'n hoë bewaringswaarde het of wat van soveel nasionale belang is dat dit nasionale beskerming vereis, hoewel dit nie kragtens paragrawe (a), (b) of (c) gelys is nie.

'n Hele aantal spesies in riviere en opvangsgebiede val onder hierdie artikel. Dit sluit in inheemse vissoorte, akwatiese, oewer- en vleilandplante, en sekere voëls wat van vleilande afhanklik is.

**Hoofstuk 5** is veral relevant vir die toestande wat talle riviere en opvangsgebiede beïnvloed, omdat dit handel oor **spesies en organismes wat potensiële bedreigings vir biodiversiteit** inhou.

Die doel hier is:

- die voorkoming van die **ongemagtigde inbring** en verspreiding van uitheemse spesies en indringerspesies na ekosisteme en habitatte waar hulle nie natuurlik voorkom nie;
- die **bestuur en beheer van** uitheemse - en indringerspesies om skade aan die omgewing en aan biodiversiteit in die besonder te voorkom of te minimaliseer;
- die **uitroeiing** van uitheemse spesies en indringerspesies uit ekosisteme en habitatte waar hulle sulke ekosisteme of habitatte kan skaad; en
- die versekering dat omgewingsevaluering vir die doel van permitte kragtens die Wet op Geneties Gemanipuleerde Organismes, 1997 (Wet No. 15 van 1997) in toepaslike omstandighede uitgevoer word in ooreenstemming met Hoofstuk 5 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur.

Riviere en opvanggebiede is besonder kwesbaar vir indringing deur uitheemse spesies, insluitende die inbring van uitheemse vissoorte wat inheemse spesies benadeel, en talle land- én waterplantspesies wat vinnig deur opvangsgebiede versprei.

Die wet voorsien besonderhede van verbode aktiwiteite wat met uitheemse spesies verband hou, en die permitvoorwaardes wat op sulke aktiwiteite van toepassing is (indien dit nie spesies behels wat 'totaal verbode' is nie). 'n Nasionale lys van indringerplante moes binne twee jaar na die publikasie van hierdie wet in die *Staatskoerant* gepubliseer gewees het, maar is nog nie beskikbaar nie. Elke provinsie moet ook lyste vir die betrokke provinsie opstel.

**Artikel 75** van hoofstuk 5 handel oor beheer oor indringerspesies:

### **Beheer oor en uitroeiing van gelyste indringerspesies**

1. *Beheer oor en uitroeiing van 'n gelyste indringerspesie moet gedoen word met metodes wat toepaslik is vir die betrokke spesie en die omgewing waarin dit voorkom.*
2. *Enige stappe gedoen om 'n gelyste indringerspesie te beheer en uit te roei, moet versigtig gedoen word en op 'n wyse wat die minste moontlike skade aan die biodiversiteit en die omgewing sal veroorsaak.*
3. *Die metodes wat gebruik word om 'n gelyste indringerspesie te beheer en uit te roei, moet ook gerig wees op die afstammeling, reproduksiemateriaal en hergroei van hierdie indringerspesie ten einde dit te verhoed om 'n nageslag te lewer, saad te produseer, weer te groei of op enige wyse te hervestig.*
4. *Die Minister moet die koördinering en implementering van programme vir die voorkoming van, beheer oor of uitroeiing van indringerspesies verseker.*
5. *Die Minister kan 'n entiteit bestaande uit staatsamptenare instel om programme vir die voorkoming van, beheer oor of uitroeiing van indringerspesies te koördineer en te implementeer.*

**Artikel 76** identifiseer vervolgens bepaalde verantwoordelikhede ten opsigte van die beheer van indringerspesies:

### Verantwoordelikhede vir die Beheer van Uitheemse Spesies

1. Die **bestuursowerheid van 'n beskermde gebied** wat 'n bestuursplan vir die gebied kragtens die wet op beskermde gebiede opstel, moet 'n strategie vir beheer en uitroeiing van indringerspesies by die bestuursplan inkorporeer.
2. a. **Alle staatsorgane in alle sferes van die regering** moet in ooreenstemming met artikel 11 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 'n plan vir monitering, beheer en uitroeiing van indringerplante vir grond onder hulle beheer as deel van hulle omgewingsplanne opstel.
  - e. (b) **Munisipaliteite** se moniterings-, beheer- en uitroeingsplanne vir indringerspesies moet deel van hulle geïntegreerde ontwikkelingsplanne wees.
3. Die Minister kan die **Instituut (SANBI) versoek om munisipaliteite te help om hulle pligte kragtens artikel (2) na te kom.**
4. 'n Plan vir monitering, beheer en uitroeiing van indringerspesies moet die volgende insluit:
  - a. 'n gedetailleerde lys en beskrywing van enige gelyste indringerspesie wat op die betrokke grond voorkom;
  - b. 'n beskrywing van die dele van daardie grond wat met sulke gelyste indringerspesies besmet is;
  - c. 'n evaluering van die omvang van die besmetting;
  - d. 'n statusverslag oor die doeltreffendheid van vorige beheer- en uitroeimaatreëls;
  - e. die huidige maatreëls vir die monitering, beheer en uitroeiing van sulke indringerspesies;
  - f. meetbare aanwysers van vordering en sukses, en aanduidings van wanneer die beheerplan afgehandel sal wees.

---

Die hoofverantwoordelikheid vir die implementering van die NOB:BA berus by die nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme (DOS&T).

---

Verdere hoofstukke in die wet dek kwessies soos genetiesgemanipuleerde organismes (GMO's), bioprospektering (insameling van inheemse biologiese hulpbronne vir kommersiële doeleindes), en die permitte en permitprosesse wat vir sekere aktiwiteite vereis word.

# Die Nasionale Waterwet

Die Nasionale Waterwet (NWW, No. 36 van 1998) en die Nasionale Waterwysigingswet, No. 45 van 1999) is die belangrikste wette wat betref die beskerming en bestuur van Suid-Afrika se waterhulpbronne. Gelukkig het die Departement van Waterwese en Bosbou (DWB) 'n baie gebruikersvriendelike gids, *Guide to the National Water Act* (slegs in Engels) opgestel waaruit die meeste van die volgende inligting geneem is. Die gids is bedoel vir:

- watergebruikers,
- enigeen wat meer oor waterbestuur te wete wil kom, en
- enigeen wat by waterbestuur betrokke wil raak.

Hoewel dit nie alle aspekte van die Wet dek nie, verduidelik die gids wel hoe die wet verseker dat:

- elkeen toegang tot voldoende water het,
- die waterhulpbron beskerm, gebruik, ontwikkel, bewaar, bestuur en beheer word,
- behoorlike beplanning plaasvind om die doelstellings van die Nasionale Waterwet te implementeer,
- die koste van die bestuur en ontwikkeling van waterhulpbronne aandag geniet, en
- instellings vir waterhulpbronbestuur ingestel word.

Mnr Ronnie Kasrils, die voormalige Minister van Waterwese en Bosbou, sê in sy voorwoord:

*Die Nasionale Waterwet voorsien die regsraamwerk vir die doeltreffende en volhoubare bestuur van ons waterhulpbronne ... Sentraal aan die Nasionale Waterwet is 'n herkenning dat water 'n skaars en kosbare hulpbron is wat aan al die mense van Suid-Afrika behoort. Die Wet erken ook dat die uiteindelijke doel van waterhulpbronbestuur die volhoubare gebruik van water tot voordeel van alle Suid-Afrikanners is. Die Wet het ten doel die beskerming, gebruik, ontwikkeling, bewaring, bestuur en beheer van waterhulpbronne as 'n geheel, en die bevordering van die geïntegreerde bestuur van waterhulpbronne met die samewerking van alle belanghebbers.*

---

Elektroniese weergawes van die Wet en die Engelse gids is op die CD.

---

### Waarom is die Nasionale Waterwet belangrik?

Die Nasionale Waterwet is belangrik omdat dit sake rakende water, soos vervat in die Suid-Afrikaanse Grondwet, in plek sal stel.

Water is fundamenteel vir alle lewe. Sonder water kan geen mens, plant, dier of lewende organisme oorleef nie.

Dit benat die boer se lande; dit verskaf water aan landelike gemeenskappe se gewasse en vee; dit verskaf ontspanning; onderhou die omgewing, dorpe en stede, myne, nywerhede en kragopwekking. Mense het water nodig om te drink, voedsel te produseer en gaar te maak, vir wasgoed en vir hul gesondheid. Water is 'n kritieke deel van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling om armoede te verlig.

Suid-Afrika is 'n droë land, met 'n lae gemiddelde reënval. Ons riviere is klein in vergelyking met dié van ander lande. Ons deel sommige van ons groot riviere met ander lande. Baie van ons bestaande waterhulpbronne is oorbenut of beduidend verander. Mense en organisasies het elke dag 'n uitwerking op die gehalte van ons riviere en strome, ons grondwater en ons vleilande.

Talle gebiede in die land staar watertekorte in die gesig waar die vraag na water groter as die beskikbare hoeveelheid water is. In hierdie gebiede verkeer die omgewing onder druk en sommige mense het nie toegang tot drinkbare water nie of kry nie 'n billike deel nie.

Die Nasionale Waterwet is belangrik omdat dit 'n raamwerk gee om **waterhulpbronne** te beskerm teen oorbenutting en om te verseker dat daar water is vir maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling, en water vir die toekoms. Dit is ook belangrik omdat dit erken dat water tot voordeel van *alle* mense aan die *hele* nasie behoort.

---

Wat is 'n Waterhulpbron?

Waterhulpbronne sluit in waterlope, oppervlakwater, riviermondings en ondergrondse waterdraers. 'n Waterloop is 'n rivier of bron (soos 'n fontein), 'n natuurlike kanaal waarin water gereeld of wisselvallig vloei, 'n vleiland, dam of meer waarin of waaruit water vloei, en enige versameling van water wat die Minister, deur middel van 'n kennisgewing in the Staatskoerant, as 'n waterloop verklaar. 'n Verwysing na 'n waterloop verwys ook, indien van toepassing, na die bedding en oewers.

---

Die verskil tussen die Nasionale Waterwet en die Wet op Waterdienste word duidelik uiteengesit:

**Waterhulpbronne**

Nasionale verantwoordelikheid

**NASIONALE WATERWET**

(No. 36 van 1998)

Die Nasionale Waterwet handel oor die **waterhulpbron**, insluitende riviere, strome, damme en grondwater. Dit bevat reëls oor die manier waarop die waterhulpbron (oppervlak- en grondwater) op geïntegreerde wyse beskerm, gebruik, ontwikkel, bewaar, bestuur en beheer word.

**Waterdienste**

Plaaslike verantwoordelikheid

**WET OP WATERDIENSTE**

(No. 108 van 1997)

Die Wet op Waterdienste handel hoofsaaklik oor **waterdienste** of drinkbare water en sanitasiedienste wat deur munisipaliteite aan huishoudings en ander munisipale gebruikers verskaf word. Dit bevat reëls oor hoe munisipaliteite watervoorsiening en sanitasiedienste moet verskaf.

Hoofstuk 1 van die Wet verduidelik dat die Nasionale Waterwet op vier sleutelidees en drie kernbeginsels berus.

**Die Nasionale Waterwet Berus Op Vier Sleutelidees:*****Water behoort aan alle mense***

Die Nasionale Waterwet is in 1998 gepubliseer. Dit lei 'n nuwe manier in om water te bestuur, water te beskerm en toe te wys. Die wet sien water as 'n natuurlike hulpbron wat aan alle mense in Suid-Afrika behoort. Gegrond op hierdie beginsel, erken dit die behoefte aan 'n billiker (regverdige en gelyke) verspreiding van water. Die enigste reg op water is water vir basiese mensebehoefes (soos vir drinkwater, voedselvoorbereiding en persoonlike higiëne) en water vir die natuur. Die Wet verseker dat water vir basiese mensebehoefes en die natuur 'bewaar' (opsygesit) word voordat water vir ander doeleindes toegewys word.

***Deelname***

Die Nasionale Waterwet sê dat mense aan waterhulpbronbestuur moet deelneem. Die wet bevorder die bestuur van waterhulpbronne op die laagste vlak moontlik. Dit word gedoen deur die instelling van nuwe streeks en plaaslike instellings, soos Opvangingsgebiedbestuursagentskappe. Hierdie nuwe instellings sal gemeenskappe en ander belanghebbers verteenwoordig en hulle betrokkenheid by die besluitnemingsproses moontlik maak. Hierdie benadering is in ooreenstemming met internasionale tendense tot Geïntegreerde Waterhulpbronbestuur.

***Waterhulpbronne as geheel beskerm en bestuur***

Die Nasionale Waterwet beoog om waterhulpbronne in die geheel te beskerm, te gebruik, te ontwikkel, te bewaar, te bestuur en te beheer. Riviere, damme, vleilande, die omliggende grond, grondwater én mense-aktiwiteite wat hulle beïnvloed, sal as een siklus bestuur word. Dit beteken dat alle water in die watersiklus as deel van die gemeenskaplike hulpbron beskou sal word.

***Volhoubare gebruik tot voordeel van almal***

Die Nasionale Waterwet doen weg met ou apartheidsideale van bevoorregte toegang. Dit bevorder watergebruik wat in die openbare belang is en voordelig is vir die bereiking van billike en volhoubare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling. Die Nasionale Waterwet is 'n fundamentele verandering in die wyse waarop waterhulpbronne bestuur en toeganklik gemaak sal word.

## Die Nasionale Waterwet Berus of Drie Kernbeginsels:

### Beginsels van die Nasionale Waterwet

Volhoubaarheid, gelykheid en doeltreffendheid is die beginsels wat riglyne vir die beskerming, gebruik, ontwikkeling, bewaring, bestuur en beheer van waterhulpbronne gee.

- Volhoubaarheid is die bevordering van sosiaal-maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling, en tegelyk die versekering dat die natuur nou en vir die toekoms beskerm word. Die natuur moet beskerm word, want dit is waar die water vandaan kom. Indien daar 'n goeie balans tussen die gebruik en beskerming van waterhulpbronne is, kan daar aan huidige en toekomstige waterbehoefte voldoen word.
- Gelykheid beteken dat elkeen toegang tot water en die voordele van die gebruik daarvan moet hê. Besluite oor die toewysing van water moet billik (regverdig) teenoor alle mense wees.
- Doeltreffendheid beteken dat water nie vermors moet word nie. Water moet tot die beste moontlike sosiaal-maatskaplike en ekonomiese voordeel gebruik word.

**Volhoubaarheid, gelykheid en doeltreffendheid** erken:

- die basiese mensebehoefte van huidige en toekomstige geslagte
- die behoefte om vorige diskriminasie reg te stel
- die behoefte om waterhulpbronne te beskerm
- die behoefte om waterhulpbronne met ander lande te deel
- die behoefte om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling deur die gebruik van water te bevorder
- die behoefte aan die instelling van verteenwoordigende waterbestuursinstellings en
- die behoefte om te verseker dat alle belanghebbers en gebruikers deelneem aan besluite wat hulle raak.

Hoofstuk 1 sluit af deur aan te dui wie vir die land se waterhulpbronne verantwoordelik is.

### Verantwoordelike Instansies

Die Wet verklaar duidelik dat die Nasionale Regering, wat deur die Minister van Waterwese en Bosbou handel, die **openbare trustee** van die land se waterhulpbronne is.

Dit beteken die Minister het **gesag oor water regdeur die land**. Water is 'n natuurlike hulpbron wat aan *alle mense* behoort. As die openbare trustee van die nasie se waterhulpbronne, is die Minister vir die openbare belang verantwoordelik en hy moet verseker dat alle water oral in die land tot voordeel van alle mense, ook toekomstige geslagte, bestuur word.

Die Departement van Waterwese en Bosbou (DWB), wat deur die Minister handel, het die bevoegdheid om die gebruik, vloei en beheer van **alle water** in Suid-Afrika te reguleer.

Die Wet beskryf die maniere waarop die regering beoog om sy verantwoordelikhede na te kom.

## Hoofstuk 2 van die Nasionale Waterwet: Sleutelbenadering

Hoofstuk 2 van die Wet verduidelik dat die sleutelbenadering die ontwikkeling van 'n aantal **Waterbestuurstrategieë** is.

Die eerste van hierdie strategieë is 'n **'n Nasionale Waterhulpbronstrategie** wat moet verseker dat daar water sal wees vir basiese mensebehoefes, en vir sosio-ekonomiese ontwikkeling, beide nou en in die toekoms. Konsultasie en deelname deur belanghebbers is kritiek om hierdie doelstellings te bereik.

### Nasionale Waterhulpbronstrategie

Die Nasionale Waterhulpbronstrategie moet:

- Strategieë, doelstellings, planne, riglyne en prosedures vir die oorkoepelende bestuur van die nasionale waterhulpbron uiteensit
- Bepaal hoeveel water vir basiese mensebehoefes en vir die natuuromgewing opsygesit of 'gereserveer' moet word (die Reserwe genoem)
- Voorsiening maak vir internasionale verpligtinge (waterhulpbronne wat kragtens internasionale ooreenkomste met buurlande gedeel word)
- Vir toekomstige waterbehoefes voorsiening maak
- Vir strategiese gebruik (byvoorbeeld nasionale kragopwekking) voorsiening maak
- Waterbestuursgebiede bepaal
- Bepaal hoeveel water in elke waterbestuursgebied beskikbaar is;
- Voorsiening maak vir die oordrag van water uit waterbestuursgebiede wat surpluswater het na waterbestuursgebiede wat tekorte ondervind
- Beginsels vir waterbewaring en watergebruik neerlê
- Teikens vir watergehalte vir verskillende waterhulpbronne stel en
- Voorsiening maak vir die instelling van waterhulpbronbestuursinstellings (byvoorbeeld opvangsgebiedbestuursagentskappe) en onderlinge werking van hierdie instellings (samenwerkende bestuur).

Volgens die Wet en die Strategie moet waterhulpbronne op **geïntegreerde** wyse bestuur word, gekoppel aan die hidrologiese siklus. Hierdie benadering word **Geïntegreerde Waterhulpbronbestuur** genoem.

Die Nasionale Waterhulpbronstrategie bevestig dat die land in 19 **Waterbestuursgebiede** (WBG's) verdeel is. In elkeen van hierdie WBG's moet 'n **Opvangsgebiedbestuursagentskappe** (OBA's). Die OBS sluit verskeie sub-strategieë in, insluitende 'n sub-strategie vir die beskerming

### Wat is Geïntegreerde Waterhulpbronbestuur?

Geïntegreerde waterhulpbronbestuur is 'n proses van gekoördineerde beplanning en bestuur van water-, grond- en ander omgewingshulpbronne. Dit neem die hoeveelheid beskikbare water (oppervlak- en grondwater), watergebruik, watergehalte, omgewings- en maatskaplike kwessies as 'n geïntegreerde (gekombineerde) geheel in ag om volhoubare, billike en doeltreffende gebruik te verseker.

Geïntegreerde waterhulpbronbestuur gaan ook oor die voorsiening van genoeg inligting oor waterhulpbronne vir behoorlike beplanning en ingeligte besluitneming tussen waterhulpbronbestuurders en ontwikkelingsbeplanners. Dit vereis samewerking en koördinerende tussen beplanners, instellings en individue waar waterverwante beplanning plaasvind. Nóg 'n sleutelaspek van geïntegreerde waterhulpbronbestuur is plaaslike en wyer deelname waar besluitneming gedentraliseer word.

van waterhulpbronne, wat die noodsaaklikheid -om varswater biodiversiteit te bewaar, aanspreek. Die Waternavorsingskommisie het 'n dokument uitgegee wat die doelstellings van die biodiversiteitsbewaringsbeleid opsom (WRC, Junie 2006).

Dit sal egter tyd neem om al 19 OBA's te stig. Solank daar nie 'n OBA in 'n bepaalde waterbestuursgebied is nie, **tree die Minister deur die DWB as die OBA op.**

**Die doel van die opvanggebiedbestuurstrategie is om:**

- beginsels vir die toewysing van water aan bestaande en nuwe watergebruikers neer te lê,
- die raamwerk vir die bestuur van waterhulpbronne binne die waterbestuursgebied te voorsien, en
- te verseker dat die waterhulpbronne in die waterbestuursgebied beskerm, gebruik, ontwikkel, bewaar, bestuur en beheer word.

### Opvangsgebiedbestuurstrategie

Die Opvangsgebiedbestuurstrategie moet:

- Die klassifikasie van waterhulpbronne, die oormerke van waterhulpbrongehalte, die vereistes van die Reserwe en internasionale verpligtinge in ag neem (sien die boekie Opvangsgebiede, Volhoubaarheid en die Ekologiese Reserwe in hierdie reeks).
- Strategieë, doelstellings, planne, riglyne en prosedures vir die oorkoepelende bestuur van die waterhulpbronne in die waterbestuursgebied uiteensit.
- 'n Watertoewysingsplan, gebaseer op 'n bepaalde stel beginsels, bevat.
- Nasionale en streekplanne (kragtens enige wet opgestel) in ag neem, insluitend die waterdienste-ontwikkelingsplanne (WDOP's) van munisipaliteite.
- Openbare deelname aan die bestuur van waterhulpbronne in die waterbestuursgebied moontlik maak.
- Die behoeftes en verwagtings van huidige en potensiële gebruikers in ag neem.

## Hoofstuk 3: Die Beskerming van Waterhulpbronne

Die Regering staan voor die uitdaging om waterhulpbronne **te beskerm** ten einde ekologies-**volhoubare benutting** vir maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te verseker.

Die Nasionale Waterwet gee **besluitnemingshulpmiddels** om volhoubare benutting van waterhulpbronne moontlik te maak. Suid-Afrika is een van die eerste lande in die wêreld om Omgewingswaterbehoefte in die nasionale wetgewing in te sluit.

Die doel van die beskerming van waterhulpbronne is om te verseker dat water vir huidige en toekomstige menslike gebruik beskikbaar is. Dit word bereik deur genoeg water van 'n bepaalde gehalte in die waterhulpbron te

laat om die globale ekologiese funksie van die riviere, vleilande, grondwater en riviermondings in stand te hou. Beskerming van die waterhulpbron gaan oor die hoeveelheid en die gehalte, die biota en habitate (die globale toestand), van die land se waterhulpbronne.

Om die doelstellings van die Wet en die nodige beskerming te bewerkstellig, het die DWB 'n Brongerigte Maatstawwestrategie ontwikkel, wat die volgende insluit:

- Die vestiging van 'n **klassifikasiestelsel** en
- Die **klassifikasie** van waterhulpbronne
- Die bepaling van die **Reserwes** en
- Die bepaling van **Hulpbrongehaltesdoelstellings**.

### 'n Stelsel vir die Klassifikasie van Waterhulpbronne

Die waterhulpbronklassifikasiestelsel gee die riglyne en prosedures vir die klassifikasie van waterhulpbronne in verskillende klasse.

Elke Klas in die klassifikasiestelsel moet verklaar watter tipes uitwerkings op die waterhulpbron aanvaarbaar is en watter nie, ten einde die hulpbron te beskerm. Die Klas moet ook meld hoeveel water uit die waterhulpbron gebruik kan word.

Elke Klas verteenwoordig:

- 'n Ander **vlak van beskerming** wat vir die waterhulpbron vereis word en
- Die **mate waartoe die water gebruik kan word**.

Klassifikasie word op twee maniere gebruik:

- Om die **huidige** status van die waterhulpbron te omskryf en
- Om die status waartoe die waterhulpbron bestuur moet word om volhoubaarheid te bereik (die toekomstige status) te omskryf.

### Bepaling van die Klas vir elke Waterhulpbron

Hierdie stap behels die bepaling van die Klas vir elke belangrike waterhulpbron in die land, byvoorbeeld 'n rivier.

- Wat is die huidige status van die rivier?
- Wat is die moontlikhede vir die toekomstige benutting van die rivier?
- Wat is die sosiaal-maatskaplike en ekonomiese implikasies van verskillende benuttingsopsies?

Deelname deur en konsultasie met belanghebbers is baie belangrik wanneer die gewenste toekomstige Klas vir 'n waterhulpbron bepaal word. Watergebruikers moet help besluit wat die toekomstige toestand van hulle waterhulpbron moet wees, en hulle moet die implikasies wat so 'n toestand vir hulle inhou, verstaan.

### Bepaling van die Hulpbrongehaltesdoelstellings

Teikens of doelstellings word gestel vir elke waterhulpbron volgens die vlak van beskerming wat die waterhulpbron vereis.

Hierdie doelstellings bepaal:

- wat die gehalte van die water (watervlak, vloei patroon, tydsberekening) moet wees
- wat die watergehalte (fisies, chemies en biologies) moet wees
- wat die toestand van die instroom- en oewer- (rivierwal-) habitat moet wees en
- wat die toestand van die akwatiese (water-) diere- en plantelewe moet wees.

Hierdie doelstellings staan bekend as die Hulpbrongehaltesdoelstellings. Die Hulpbrongehaltesdoelstellings is 'n stelling oor hoe die waterhulpbron daar moet uitsien.

### Bepaling van die Reserwe

Die Reserwe is die enigste reg op water in die Nasionale Waterwet. Dit geniet dus prioriteit bo alle ander watergebruikers. Dit is met ander woorde die hoeveelheid en die gehalte van water wat vir die Reserwe vereis word, voordat water aan ander watergebruikers toegewys kan word.

Die Reserwe bestaan uit twee komponente:

- **Die Reserwe vir Basiese Mensebehoefes**

Die Nasionale Waterwet verseker dat elkeen toegang tot genoeg water het deur 'n sekere hoeveelheid water opsy te sit om aan almal se basiese behoeftes te voldoen. Hierdie hoeveelheid water wat vir basiese mensebehoefes opsygesit word, word die Reserwe vir Basiese Mensebehoefes genoem.

- **Die Ekologiese Reserwe**

Ten einde te verseker dat daar genoeg water van 'n aanvaarbare gehalte vir toekomstige gebruik is, maak die Nasionale Waterwet ook vir 'n Ekologiese Reserwe voorsiening. Die Ekologiese Reserwe is die water wat nodig is om die waterekosisteme van die waterhulpbron te beskerm. Dit moet beskerm word en nie vir ander doeleindes gebruik word nie. Die Ekologiese Reserwe spesifiseer beide die hoeveelheid en die gehalte van die water wat in die waterhulpbron gelaat moet word.

- Die Ekologiese Reserwe moet bepaal en in ag geneem word voordat waterlisensies uitgereik kan word.

Die Minister van Waterwese en Bosbou moet die Reserwe bepaal. Die Minister moet, met ander woorde, die hoeveelheid water en die gehalte daarvan stel wat vir basiese mensebehoefes en vir ekologiese behoeftes in die waterhulpbron moet bly. Die Reserwe word vir elke beduidende waterhulpbron of deel daarvan bepaal.

Hoofstuk 3 van die Nasionale Waterwet handel ook oor ander kwessies wat die waterhulpbron beïnvloed.

**Besoedeling** – waar 'n waterhulpbron besoedel mag word of reeds besoedel is vanweë grondaktiwiteite. Die Wet bepaal dat die persoon wat

die grond besit, beheer of bewoon verantwoordelik is vir die voorkoming van besoedeling van waterhulpbronne en ook vir die regstelling van die gevolge van die besoedeling. Indien die verantwoordelike persoon nie stappe doen om besoedeling te verhoed nie, kan die opvangsgebiedbestuursagentskap (OBA), of die Minister as daar nog nie 'n OBA is nie, stappe doen om besoedeling te verhoed of om die gevolge van besoedeling aan te spreek. Die persoon of persone verantwoordelik vir die besoedeling is ook verantwoordelik vir die betaling van die koste aangegaan om die gevolge van die besoedeling reg te stel.

**Noodvoorvalle** – Noodvoorvalle verwys na waterhulpbronne wat as gevolg van 'n noodvoorval besoedel word. 'n Voorbeeld van 'n noodgeval is 'n ongeluk waar 'n skadelike stof in die waterhulpbron beland. Die persoon verantwoordelik vir die voorval of ongeluk is ook verantwoordelik om aan die gevolge van die besoedeling aandag te gee. Indien daardie persoon dit nie doen nie, kan die betrokke OBA die nodige stappe doen om die probleem op te los en die koste kan van die verantwoordelike persoon of persone verhaal word.

## Hoofstuk 4: Watergebruik, Regulering en Toewysing

### Watergebruik

Prioriteite vir watergebruik:

1. Die Reserwe (Basiese Menlike behoeftes en Ekologiese Reserwe)
2. Water om internasionale regte en verpligtinge na te kom
3. Watergebruik van strategiese belang (bv. die opwekking van elektrisiteit)
4. Wateroorplasinge tussen waterbestuursareas
5. 'n gebeurlikheidsreserwe om aan geraamde toekomstige waterbehoefte te voldoen.

**6. *Bogenoemde is almal Nasionale verantwoordelikhede.***

- a. *Alle ander gebruike.*

***Hierdie gebruike is die verantwoordelikhede van die OBA.***

### *Hoe word Watergebruik Beheer?*

Watergebruik word beheer deur die manier waarop water gebruik word, te **reguleer**. Die Nasionale Waterwet reguleer watergebruik deur **registrasie** van watergebruik en deur verskillende soorte **magtigings**.

### **Registrasie van Watergebruik**

Ten einde watergebruik te beheer, moet die DWB weet watter tipe watergebruik plaasvind en hoeveel water uit die onderskeie waterhulpbronne gebruik word. Om dit uit te vind, moet bestaande wettige watergebruikers hulle watergebruik registreer indien hulle water neem en

---

### **Wat beteken watergebruik?**

Watergebruik beteken enige van die volgende:

- die neem (onttrekking) van water uit 'n waterhulpbron
- die berging van water
- aktiwiteite wat stroomvloei verminder (byvoorbeeld kommersiële bosbou)
- die storting van afval of water wat afval bevat in 'n waterhulpbron
- beheerde aktiwiteite (aktiwiteite wat 'n nadelige uitwerking op 'n waterhulpbron het, byvoorbeeld besproeiing van grond met water wat afval bevat, of kragopwekkingsaktiwiteite wat die vloei van 'n waterhulpbron verander)
- verandering van die fisiese struktuur van riviere en strome (verandering van 'n waterloop, versperring of verlegging van die vloei in 'n waterloop – damme, brûe, keerwalle, ensovoorts)
- verwydering van ondergrondse water en
- gebruik van water vir ontspanningsdoeleindes (ook visvang en bootvaart).

Watergebruik verwys na 'n handeling wat 'n **uitwerking** op die waterhulpbron het, byvoorbeeld:

- a. die **hoeveelheid** water in die hulpbron
  - b. die **gehalte** van water in die hulpbron en
  - c. die **omgewing** rondom die hulpbron.
-

opgaar, of indien hulle stroomvloeivermindering veroorsaak (kommersiële bosbou). Die DWB kan nagaan of die bestaande gebruik wettig is en hoeveel gebruik word. Dit word verifikasie genoem. Watergebruikers wat nie hulle watergebruik registreer nie, loop die risiko om hulle bestaande watergebruiksreg te verloor.

### **Verskillende Tipes Watergebruikmagtigings**

Die verskillende tipes magtigings bepaal die watergebruikaktiwiteit wat 'n lisensie vereis en dié wat dit nie vereis nie. Die magtiging hang af van die vlak van die risiko wat die aktiwiteit vir die waterhulpbron inhou. Die DWB kan nagaan of die bestaande gebruik wettig is en hoeveel gebruik word. Dit word verifikasie genoem. Watergebruikers wat nie hulle watergebruik registreer nie, loop die risiko om hulle bestaande watergebruiksreg te verloor.

Daar is drie tipes watergebruikmagtigings:

- Klein hoeveelheid water – **skedule 1** (minimale of geen risiko nie) – geen registrasie nie
- Beperkte watergebruik – **algemene magtigings** (lae risiko) – moet in die meeste gevalle registreer
- Groter watergebruik – **watergebruikslisensies** (hoë risiko) – moet registreer.

### *'n Aantal Uitsonderings*

#### **Voortsetting van bestaande wettige gebruik -**

Indien 'n persoon water wettiglik gebruik het voordat die Nasionale Waterwet in werking getree het, kan daardie persoon daardie gebruik registreer en voortgaan om die water te gebruik sonder om vir 'n lisensie aansoek te doen. Dit is 'n oorgangsmatreël wat die Nasionale Waterwet toelaat sodat bestaande wettige watergebruikers water volgens dieselfde voorwaardes kan aanhou gebruik totdat die watergebruik formeel gelisensieer is.

#### **Algemene magtigings -**

Algemene toestemming is deur die Minister verleen vir sekere groter gebruike uit sekere bronne wat minder druk ervaar. Hierdie toestemming is gegee deur middel van **algemene magtigings** wat in die *Staatskoerant* gepubliseer is. Hierdie magtigings laat 'n gebruiker toe om water sonder 'n lisensie te gebruik op voorwaarde dat die watergebruik binne die voorwaardes van die algemene magtiging val. Voorbeelde van algemene magtigings sluit in die opgaring van 'n beperkte hoeveelheid water in 'n dam, of die onttrekking van 'n beperkte hoeveelheid water uit sekere riviere, of uit grondwaterhulpbronne (boorgate). 'n Algemene magtiging is slegs van toepassing op spesifieke riviere of opvanggebiede, en is nie op die hele land nie.

Die Wet beskryf in detail hoe lisensie-aansoeke **beoordeel** word, en die **voorwaardes** wat aan lisensies gekoppel kan word. Die idee van **verpligte lisensiëring** word voorgestel.

### **Wat is Verpligte Lisensiëring?**

Die Minister mag op 'n stadium kennisgewings in die *Staatskoerant* publiseer, wat vereis dat **alle** bestaande en potensiële watergebruikers, behalwe Skedule 1 gebruikers en gebruikers kragtens Algemene Magtigings, om lisensies aansoek doen. Dit word **verpligte lisensiëring** genoem.

Verpligte lisensiëring kan uiteindelik oral gebruik word om watergebruik te lisensieer, maar die prioriteitsgebiede vir verpligte lisensiëring sal gebiede wees waar daar watertekorte is (waar die huidige of toekomstige vraag die beskikbaarheid oorskry) of waar daar 'n groot mate van besoedeling is (opvangsgebiede onder druk).

Die proses van verpligte lisensiëring kan ook gebruik word nodig waar dit om histories uitgesluite mense te help om toegang tot die hulpbron te verkry, en om:

- 'n regverdige toewysing van water uit waterhulpbronne onder druk te bewerkstellig,
- die doeltreffende gebruik van water in die openbare belang te verbeter,
- doeltreffende bestuur van die waterhulpbron te verseker, en
- watergehalte te beskerm.

### **Watergebruik Wat Nie 'n Lisensie Vereis Nie**

Watergebruik met 'n geringe uitwerking op die waterhulpbron (Skedule 1 van die Wet) Skedule (Bylae) 1 van die Nasionale Waterwet gee **toelaatbare gebruik van water** waarvoor 'n lisensie nie vereis word nie. Die tipes aktiwiteite wat in Skedule 1 gegee word, is aktiwiteite wat 'n **baie geringe uitwerking op die waterhulpbron het**.

Hierdie aktiwiteite sluit in:

- direkte onttrekking van water uit enige waterhulpbron vir huishoudelike gebruik indien jy regmatige toegang tot daardie water het,
- opgaring en die gebruik van water deur afvloei van die dak af te gebruik,
- klein tuinmaak wat nie vir kommersiële gebruik is nie,
- suiping vir diere binne die drakrag van daardie grond,
- die gebruik van die wateroppervlakte of omliggende grond vir ontspanning (vir byvoorbeeld bootvaart), en
- die gebruik van water vir noodgevalle soos mensegebruik of brandbestryding.

### Watergebruik Wat 'n Lisensie Vereis

'n Gebruiker moet aansoek doen vir 'n **lisensie** vir enige **nuwe watergebruik** wat nie in Bylae 1 gelys is nie of wat nie deur 'n algemene magtiging gedek word nie. Watergebruikslisensies word dus gebruik vir die beheer van watergebruik wat die perke oorskry soos uiteengesit in Bylae 1 en wat kragtens algemene magtigings toelaatbaar is.

Watergebruikslisensies gee aan bestaande of nuwe watergebruikers formele magtiging om water vir produktiewe of voordelige doeleindes te gebruik, en spesifiseer die voorwaardes waarvolgens die water gebruik kan word. Slegs 'n 'verantwoordelike gesag' kan 'n lisensie vir die gebruik van water uitreik.

'n Verantwoordelike gesag kan die Departement van Waterwese en Bosbou (DWB) of 'n Opvanggebiedbestuursagentskap (OBA) wees.

Tans moet potensiële gebruikers:

- by die toepaslike Streekkantoor van die DWB om 'n **lisensie aansoek doen**, of
- hulle watergebruik by die Streekkantoor **registreer**.

In die toekoms sal sommige van hierdie funksies aan OBA's gedelegeer word.

Hoofstuk 4 sluit af met 'n artikel oor die **Regulasies** wat ontwikkel is om die Wet te **implementeer**.

### Regulasies oor Watergebruik

Hoofstuk 4 sluit af met 'n artikel oor die **Regulasies** wat opgestel kan word om die Wet te **implementeer**.

Die Nasionale Waterwet gee die breë regsraamwerk vir waterhulpbronbestuur. Die vereistes van die Wet moet toegepas word. Besonderhede oor die toepassing is vervat in die regulasies wat deur die DWB uitgevaardig en in die *Staatskoerant* gepubliseer word. Daar is tot dusver drie stelling regulasies oor watergebruik:

- Goewermentskennisgewing No. 704, 4 Junie 1999, Nasionale Waterwet, 1998 (No. 36 van 1998) (slegs in Engels): Regulasies oor die gebruik van water vir mynbou en verwante aktiwiteite wat op die beskerming van waterhulpbronne gemik is.
- Goewermentskennisgewing No. 1352, 12 November 1999, Regulasies wat vereis dat 'n watergebruik geregistreer moet word.
- Goewermentskennisgewing No. 1036, 31 Oktober 2007, Nasionale Waterwet, 1998 (No. 36 van 1998) (slegs in Engels): Finansiële steun vir hulpbron behoeftige boere.

Ander regulasies wat voorberei word, of wat in die nabye toekoms oorweeg sal word, handel oor:

- die beperking van watergebruik wat die vloei van water in 'n waterloop belemmer of weglei; of wat 'n waterloop verander (bedding, oewer, ensovoorts van die waterloop); en die gebruik van water vir ontspanningsdoeleindes,

- bestuurspraktyke vir afvalbehandeling, en
- transaksies ten opsigte van magtigings om water te gebruik (handel dryf).

Die Nasionale Waterwet maak voorsiening dat die Minister regulasies oor 'n wye spektrum van watergebruikskwessies kan uitvaardig.

## Hoofstuk 5: Betaling Vir Water

Hoofstuk 5 van die Waterwet handel oor betaling vir watergebruik. Die vorderings vir watergebruik moet deur 'n **Prysstrategie** bepaal word.

### Wat is die Prysstrategie?

Die Prysstrategie word deur 'n kennisgewing in die **Staatskoerant** ingestel. Dit is 'n oorkoepelende strategie om watergebruikvorderings in te stel om die volgende te befonds:

- waterhulpbron**bestuur** wat insluit al die aktiwiteite vir die monitering, toewysing, beheer, beskerming en bewaring van waterhulpbronne
- waterhulpbron**ontwikkeling** wat insluit al die aktiwiteite en verwante koste vir die beplanning, ontwerp, bou, bedryf en instandhouding van waterwerke, en
- **die gebruik van waterwerke** wat die koste van die verspreiding van water behels.

Hierbenewens kan vorderings ingestel word vir:

- die bereiking van **billike en doeltreffende toewysing** van water.

### Die Prysstrategie gee aandag aan die volgende:

- die manier waarop verskillende waterbestuursgebiede, watergebruik en watergebruikers gekategoriseer word om **gelykheid te verseker**,
- **vorderings** wat deur waterbestuursinstellings en verbruikers betaal moet word (en die grondslag vir hierdie vorderings),
- voorsiening van **kortings** (gedeeltelike terugbetalings) indien water na die waterhulpbron teruggevoer word,
- *voorsiening dat sommige vorderings op 'n billike wyse vir spesifieke gebruikers tersyde gestel word (met ander woorde dat sekere vorderings nie betaal hoef te word nie),*
- maniere om die **doeltreffende en voordelige gebruik** van water te **bevorder**,
- maniere om **skadelike uitwerkings** op waterhulpbronne te **minimaliseer**,
- *maniere om watervermorsing te verhoed*, en
- maniere om **munisipaliteite** wat waterdienste-owerhede is, te **ondersteun** om **tariewe** vir die voorsiening van waterdienste in te stel.

**Die prysstrategie is slegs van toepassing op:**

- die gebruik van rou- (onbehandelde) water/die gebruik van 'n waterhulpbron; en
- vorderings deur die DWB en ander waterbestuursinstellings (byvoorbeeld OBA's) wat kragtens die Wet ingestel word.

'n Belangrike aspek van watergebruik is hoe die 'gebruik' onderskei word en hoe daar tussen 'watergebruikers' onderskei word:

### **Doelstellings van die Prysstrategie**

Die volgende oogmerke is gebruik om die nuwe prysstrategie te formuleer.

- maatskaplike billikheid,
- ekologiese volhoubaarheid,
- finansiële volhoubaarheid, en
- ekonomiese doeltreffendheid.

### **Tipes watervorderings**

Vier tipes Watervorderings is by die Strategie ingesluit:

- vordering vir waterhulpbronbestuur,
- vordering vir waterhulpbronontwikkeling,
- vordering vir die bereiking van doeltreffende toewysing van water (ekonomiese vordering), en
- vordering vir die storting van water wat afvalstowwe bevat.

## **Hoofstuk 6: Bevoegdhe van die Nasionale Regering**

Hoofstuk 6 van die Wet beskryf die bevoegdhe en pligte van die **Minister** as volg:

- die bevoegdhe om te delegeer,
- die bevoegdhe om eiendom te onteien (te koop),
- vereistes wat nagekom moet word wanneer regulasies uitgevaardig word,
- uitvoering van die funksies van 'n opvanggebiedbestuursagentskap waar een nog nie ingestel is nie, en
- toewysing van bevoegdhe en pligte aan opvanggebiedbestuursagentskappe.

Die DWB administreer die Wet namens die Minister.

## Hoofstuk 7: Opvangsgebiedbestuursagentskappe

Hoofstuk 7 bespreek die doel en funksies van Opvangsgebiedbestuursagentskappe (OBA's).

### Wat is die Doel van 'n OBA?

Die primêre doel van die instelling van 'n OBA is om plaaslike gemeenskappe by waterhulpbronbestuur te betrek. Dit is in ooreenstemming met die internasionale tendens om effek te gee aan die beginsel van deelname, ten einde geïntegreerde waterhulpbronbestuur te bewerkstellig. 'n OBA bestuur waterhulpbronne in sy omskrewe waterbestuursgebied volgens sy opvangsgebiedbestuurstrategie.

Openbare deelname aan waterhulpbronbestuur is een van die basiese beginsels van opvangsgebiedsbestuur. OBA's moet verseker dat alle geraakte belanghebbers, insluitende arm gemeenskappe wat benadeel en gemarginaliseer is, in staat is om aan die konsultasieprosesse en besluite van die OBA deel te neem.

### Wat is die Funksies van 'n OBA?

'n OBA het na sy instelling die volgende funksies of 'aanvanklike funksies:

- Om ondersoek in te stel na en advies te gee oor die beskerming, gebruik, ontwikkeling, bewaring, bestuur en beheer van die waterhulpbronne in sy waterbestuursgebied (WBG)
- Om 'n opvangsgebiedbestuurstrategie vir sy WBG te ontwikkel
- Om die aktiwiteite van watergebruikers en waterbestuursinstellings in sy WBG te koördineer
- Om koördinering tussen die uitvoering van sy opvangsgebiedbestuurstrategie en die uitvoering van waterdienste-ontwikkelingsplanne deur waterdienste-owerhede (munisipaliteite) te bevorder en
- Om gemeenskapsdeelname aan die beskerming, gebruik, ontwikkeling, bewaring, bestuur en beheer van die waterhulpbronne in die WBG te bevorder.

Bykomende funksies wat aan 'n OBA gedelegeer of oorgemaak kan word, is:

- Algemene bestuur van waterhulpbronne in die WBG
- Om op te tree as die 'verantwoordelike gesag' ten opsigte van watergebruik en die toewysing van water en
- Ander magte en pligte wat die Minister kan deleger (maar nie oormag nie).

---

OBA's word volledigiger behandel in die WBG publikasie oor Opvanggebiedbestuursinstellings.

---

---

WGV's word ook volledigiger behandel in die WBG publikasie oor Opvanggebiedbestuursinstellings.

---

## Hoofstuk 8: Watergebruikerverenigings

Hoofstuk 8 van die Wet bespreek Watergebruikersverenigings (WGV's).

### Wat is die Doel van 'n WGV?

Die doel van 'n WGV is om watergebruikers in staat te stel om saam te werk en hulle finansiële en menslike hulpbronne en kundigheid te poel om waterverwante aktiwiteite doeltreffender uit te voer. WGV's het 'n belangrike rol te speel in die aanspreek van armoede, die voorsiening van voedselsekureit en die bevordering van die her-toewysing van water.

Die meeste WGV's is voormalige besproeiingsrade en fokus op besproeiing. WGV's kan ook ingestel word:

- Vir stroomvloeiverminderingsaktiwiteite soos bebossing
- Vir die behandeling en wegdoen van afvloeiwat en afvalstowwe, en
- Om die gebruik van water vir ontspanningsdoeleindes en/of omgewingsdoeleindes te beheer.

### Wat is die Funksies van 'n WGV?

Die funksies van 'n WGV hang af van sy goedgekeurde grondwet en die doel waarvoor hy ingestel is.

Die grondwet van 'n WGV kan voorsiening maak dat die volgende funksies deur die WGV verrig word:

- Voorkoming van watervermorsing uit enige waterhulpbron of waterwerke
- Beskerming van waterhulpbronne en waterwerke
- Voorkoming van enige onwettige watergebruik of handeling wat 'n negatiewe uitwerking op die waterhulpbron het
- Algemene toesighouding oor die waterhulpbronne en waterwerke
- Regulering van die vloei van 'n waterloop
- Ondersoek na watergehalte en watergebruik en
- Die bou en instandhouding van waterwerke vir grondreinerig of watervoorsiening.

## Hoofstuk 9: Adviserende Komitees

Die Wet stel die Minister in staat om adviserende komitees in te stel. Hierdie komitees kan vir verskillende doeleindes en met verskillende funksies ingestel word. Hoewel hierdie komitees hoofsaaklik adviserend van aard is, kan die Minister sekere bevoegdhede aan adviserende komitees delegeer.

Adviserende komitees doen aan die Minister verslag. Die Minister kan regulasies rakende adviserende komitees ten opsigte van die volgende uitvaardig:

- die komitee se opdragte,
- lidmaatskap,
- bevoegdhede,
- pligte, en
- werking.

Die Wet verplig die Minister om adviserende komitees in te stel wat aanbevelings moet doen oor die samestelling van die bestuursliggaam van 'n OBA.

## Hoofstuk 10: Internasionale Waterbestuur

Die Nasionale Waterwet maak voorsiening vir die instelling van instansies om internasionale ooreenkomste vir die bestuur en ontwikkeling van waterhulpbronne wat met buurstate gedeel word, in werking te stel.

Die bestuur, bevoegdhede en pligte van hierdie liggame word deur die Minister ooreenkomstig die tersaaklike internasionale ooreenkomste bepaal. Die Minister moet die Kabinet raadpleeg wanneer instansies ingestel word om internasionale ooreenkomste te implementeer.

## Hoofstuk 11: Staatswaterwerke (Infrastruktuur)

Die Nasionale Waterwet laat die Regering toe om damme en ander waterwerke (infrastruktuur) te bou, te besit en selfs te koop, indien dit in die openbare belang is.

Die Regering kan water uit sy eie damme en waterwerke toewys op dieselfde wyse as wat water uit die hulpbron toegewys word. Die Regering kan mense ook toelaat om die wateroppervlak of die grond rondom die waterwerke vir ontspannings- en ander gebruike te benut.

Die Regering verhaal 'n gedeelte of al die koste van die regeringswaterwerke deur mense te laat betaal vir die gebruik van water uit die waterwerke. Die prys vir watergebruik (watervordering) word bepaal in ooreenstemming met 'n Nasionale Prysstrategie wat in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

## Hoofstuk 12: Veiligheid van Damme

Die Nasionale Waterwet bevat 'n reeks maatreëls wat daarop gemik is om die veiligheid van nuwe damme, en bestaande damme wat 'n veiligheidsrisiko inhou, te verbeter.

Groot damme kan 'n ernstige bedreiging vir die mens en die omgewing inhou. Damme wat nie behoorlik ontwerp is nie of wat agteruit gaan vanweë swak instandhouding, is besonder gevaarlik.

'n Dam wat breek kan skielik 'n vloed van water vrystel en verlies aan lewens of eiendom tot gevolg hê. Selfs 'n klein plaasdam wat breek kan slik vrylaat en skade aan die omgewing veroorsaak.

Die Nasionale Waterwet lê sekere maatreëls neer om te verseker dat die risiko van 'n groot damswigting verminder word. 'n Dam met 'n veiligheidsrisiko is gewoonlik 'n dam wat meer as 50 000 kubieke meter water opgaar of wat 'n wal hoër as 5 meter het.

Niemand mag 'n dam met 'n veiligheidsrisiko bou sonder 'n lisensie nie. Die Wet verseker dat slegs toepaslik gekwalifiseerde mense (**goedgekeurde professionele persone**) toegelaat word om damme wat 'n veiligheidsrisiko inhou, te ontwerp en te inspekteer.

Die Nasionale Waterwet klassifiseer damme met 'n veiligheidsrisiko en bepaal ook die verantwoordelikhede van hierdie goedgekeurde professionele persone.

Die Wet vereis verder dat gereelde veiligheidsevaluerings uitgevoer moet word by elke dam wat 'n veiligheidsrisiko inhou.

**Hoofstuk 13 handel oor Toegang Tot en Regte Oor Grond, insluitend Toegang en Inspeksie en Serwitute.**

## Hoofstuk 14: Monitering, Evaluering en Inligting:

**Monitering** is gereelde kontrolering van die watergehalte en vloei in 'n rivier, dam, vleiland of ondergrondse hulpbron. Moniteringsinligting word deel van die inligtingstelsel.

**Inligtingstelsels** word gebruik om inligting oor waterhulpbronne te bewaar sodat dit geredelik deur waterbestuurders en besluitnemers gebruik en verstaan kan word.

Hoewel die DWB altyd waterhulpbronne gemoniteer het, vereis die Nasionale Waterwet formeel die instelling van nasionale moniterings- en inligtingstelsels vir alle aspekte van waterhulpbronne.

Die moniteringstelsels moet voorsiening maak vir die insameling van data en inligting sodat die volgende geëvalueer kan word:

- waterhoeveelheid,
- watergehalte,
- die gebruik van water,
- rehabilitasie van waterhulpbronne,
- voldoening aan die oogmerke van waterhulpbrongehalte,
- die gesondheid van akwatiese ekosisteme, en
- atmosferiese toestande wat waterhulpbronne kan beïnvloed.

Die Grondwet waarborg dat elkeen die reg van toegang het tot alle inligting wat die Staat het en dat nasionale wetgewing aan daardie reg uitvoering moet gee. Die Nasionale Waterwet vereis dus van die Minister om so gou as moontlik nasionale inligtingstelsels met inligting oor waterhulpbronne in te stel. Hierdie nasionale inligtingstelsels moet inligting bevat oor:

- hidrologie (reënval en vloei in riviere),
- watergehalte,
- grondwater, en
- watergebruikslisensies en ander watergebruiksmagtigings.

Die inligtingstelsels sal gebruik word om data en inligting vir 'n aantal doeleindes te verskaf, insluitend die ontwikkeling en implementering van die Nasionale Waterhulpbronstrategie en Opvangsgebiedstrategieë, vir ander beplanning, vir die bestuur van rampe, en vir openbare veiligheid.

## Hoofstuk 15: Appèlle en Geskilbeslegting en Watertribunale

Die Nasionale Waterwet maak voorsiening vir die instelling van 'n Watertribunaal wat appèlle moet aanhoor teen sekere beslissings of voorskrifte deur verantwoordelike owerhede of waterbestuursinstellings, soos Opvangsgebiedagentskappe.

Die Watertribunaal is nie 'n waterbestuursinstelling ingevolge die Wet nie, maar 'n onafhanklike liggaam. 'n Watergebruiker mag by die Watertribunaal appèl aanteken teen 'n verskeidenheid van besluite wat deur waterbestuursinstellings geneem is, insluitend besluite wat verband hou met:

- eise vir koste,
- watertoewysingbylae,
- lisensie-aansoeke en lisensievoorwaardes,
- bevestiging van bestaande wettige gebruik, en
- vergoeding.

## Hoofstuk 16: Misdrywe en Remedies

Die Nasionale Waterwet lys alles wat misdrywe kragtens die Wet is, asook die verwante strawwe.

### Misdrywe

Misdrywe sluit beide handelings (aktiwiteite) en versuime in:

- 'n Handeling wat 'n misdryf is, is enige aktiwiteit wat kragtens die Wet ontoelaatbaar is, byvoorbeeld onwettige peutering met 'n waterwerk, of die onwettige besoedeling van 'n waterhulpbron.
- 'n Versuim is die versuim om iets te doen wat deur die Wet vereis word, byvoorbeeld die versuim om 'n bestaande wettige watergebruik te registreer, of om te voldoen aan die voorwaardes wat op die toegelate watergebruik van toepassing is.

Enigiemand wat die Wet oortree of nie daaraan voldoen nie, is skuldig aan 'n misdryf en kan in 'n bevoegde geregshof vervolg word.

### Remedies

Die Nasionale Waterwet gee aan die howe en waterbestuursinstellings sekere magte om probleme reg te stel indien 'n persoon vir 'n misdryf vervolg is, byvoorbeeld die mag om die oorsaak van 'n stroomvloeiiimpedansie (bv. 'n dam in 'n stroom) te verwyder.

### Vergoeding vir skade

Indien 'n persoon skade of verlies ly vanweë die misdrywe (onregmatige optrede of versuime) van 'n ander persoon, laat die Wet die howe toe om die skadevergoeding te bepaal en die persoon wat die skade gely het, te vergoed.

Vergoeding kan op verskillende maniere geskied, byvoorbeeld in die vorm van:

- 'n betaling vir verlies of nadeel gely,
- betaling deur die beskuldigde (persoon wat die misdryf begaan het) vir die herstelkoste van die skade wat veroorsaak is, en
- herstel van die skade wat veroorsaak is deur die beskuldigde of die betrokke waterbestuursinstelling.

**Hoofstuk 17** (die laaste hoofstuk van die Wet) handel oor **Algemene en Oorgangsbepalings**, insluitend **Aanspreeklikhede** en **Bevoegdhede en Magtigings**.

---

Die hoofverantwoordelikheid vir die implementering van die NWW berus by die Nasionale Departement van Waterwese en Bosbou (DWB)

---

# Wet op Waterdienste – WWD (No. 108 van 1997) en die Wysigingswet op Waterdienste (No. 30 van 2004)

Die hoofokus van hierdie Wette is om 'n regulatoriese raamwerk te ontwikkel waarbinne **waterdienste verskaf kan word** en om Waterdienste-instellings te vestig en hulle rolle en verantwoordelikhede te omskryf. Watergehalte wat 'n waterhulpbron beïnvloed, byvoorbeeld as gevolg van sulke dienste, word steeds kragtens die Nasionale Waterwet gereguleer.

Volgens die DWB-publikasie, *Water and Sanitation Business; The Roles and Responsibilities of Local government and Related Institutions* (waaruit die grootste gedeelte van hierdie afdeling geneem is), het die Wet op Waterdienste die volgende sleutelkenmerke:

---

Hierdie (Engelse) publikasie is nie elektronies beskikbaar nie, maar sigkopieë is by die DWB verkrygbaar.

---

## Doel van die Wet

Reël die munisipale funksie van die verskaffing van watervoorsiening en sanitasiedienste.

## Oorkoepelende Doelstelling van die Wet

Om munisipaliteite te help om hulle rol as waterdienste-owerhede te vervul, en om na die belange van verbruikers om te sien. Dit dien ook om die rol van ander waterdienste-instellings, veral waterdiensteverskaffers en waterrade, te verduidelik.

## Mandaat

Die mandaat vir die Wet kom (onder andere) uit artikel 27 van die Handves van Regte in die Grondwet: *Elkeen het die reg op toegang tot . . . voldoende voedsel en water . . .*

## Hoofogmerke

Die WWD beoog om voorsiening te maak vir:

- die reg van toegang tot **basiese watervoorsiening en basiese sanitasie**
- die stel van nasionale standaarde, en norme en standaarde vir **tariewe**
- die opstel van **waterdienste-ontwikkelingsplanne**
- 'n **reguleringsraamwerk** vir waterdienste-instellings
- die instelling van **waterrade en waterdienstekomitees**
- die **monitering** van watervoorsiening en sanitasiedienste
- ingryping deur die Minister of die betrokke Provinsie
- **finansiële bystand** aan waterdienste-instellings
- 'n nasionale **inligtingstelsel**
- die **verantwoordbaarheid** van waterdiensteverskaffers en
- **die bevordering van of doeltreffende waterhulpbronbestuur en -bewing.**

Ten opsigte van die laaste van hierdie oogmerke skakel die Wet op Waterdienste die nouste by die Nasionale Waterwet in.

## Waterdienste-instellings

**Waterdienste-owerheid** – kan net 'n **munisipaliteit** wees

Kan die dienste van 'n waterdiensteverskaffer verrig of 'n kontrak (diensleweringsooreenkoms) met 'n ander waterdiensteverskaffer sluit.

**Waterdiensteverskaffer** – kan 'n **munisipaliteit, waterraad, nieregeringsorganisasie (NRO), gemeenskapgebaseerde organisasie (GBO)** of 'n **privaatsektor-maatskappy** wees

Voorsien fisies die watervoorsienings- en sanitasiedienste aan verbruikers ingevolge 'n kontrak met die waterdienste-owerheid.

**Waterraad** – ingestel deur die Minister van Waterwese en Bosbou  
Primêre funksie is om waterdienste aan ander waterdienste-instellings te voorsien. Dit is 'n openbare waterdiensteverskaffer.

---

Die hoofverantwoordelikheid vir die implementering van die WWD berus by die Nasionale DWB tesame met die Nasionale Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering.

---

# Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne

Die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (WBLH, No. 43 van 1983) reël die volhoubare benutting van Suid-Afrika se landbouhulpbronne; die bevordering van die bewaring van grond, waterhulpbronne en plaaslike plantegroei (in teenstelling met indringende uitheemse plantegroei). Die inleiding tot die Wet verklaar dit is:

*Om voorsiening te maak vir beheer oor die benutting van die natuurlike landbouhulpbronne van die Republiek ten einde die bewaring van die grond, die waterbronne en plantegroei en die bestryding van onkruid en indringerplante te bevorder . . .*

Van besondere belang vir opvangsgebiedsbestuur is die artikels wat handel oor gronderosie, beskerming van vleilande, onkruid en uitheemse indringerplante.

Die Wet omskryf spesifiek 'grondbewaringswerk' as 'n werk wat op grond opgerig is vir:

- die voorkoming van erosie of die bewaring van grond wat aan erosie onderhewig is,
- die bewaring of verbetering van die plantegroei of die oppervlakte van die grond,
- die dreinering van oortollige bo- of ondergrondse water,
- die bewaring of herwinning van 'n waterbron of, en
- die voorkoming van toeslikking van damme en die besoedeling van water.

Die Wet bied ook 'n mate van beskerming aan oewerplantegroei aangesien dit verklaar dat toestemming van die Departement van Landbou nodig is vir die verwydering van oewerplantegroei en die versteuring van die oewer self (vir alle rivierkruisings). Alle versteurings moet toepaslik gerehabiliteer word. (Verwys ook na die boeke *Sorg vir Vleilande* in hierdie reeks.)

Vleilande word ook kragtens hierdie Wet beskerm aangesien daar gestipuleer word dat grondgebruikers verbied word om enige vleigebiede sonder skriftelike toestemming droog te lê of te verbou.

---

'n Elektroniese weergawe van die Wet is op die CD ingesluit.

---

Die Wet (soos gewysig in 2001) identifiseer vier kategorieë probleemplante:

- **Verklaarde onkruid (kategorie-1 plante)** – uitheemse spesies wat op enige grond- of wateroppervlakke in Suid-Afrika verbied word, moet, waar moontlik, beheer of uitgeroei word.
- **Verklaarde indringers (kategorie-2 plante) (kommersiële en nutsplante)** – uitheemse spesies wat slegs in afgebakende gebiede toegelaat word, met dien verstande dat daar 'n permit is en dat stappe gedoen word om hulle verspreiding te verhoed.
- **Verklaarde indringers (kategorie-3 plante) (sierplante)** – uitheemse spesies wat nie meer geplant mag word nie; bestaande plante mag bly, met dien verstande dat alle redelike stappe gedoen word om hulle verspreiding te verhoed; verbode binne die vloedlyn van waterlope en vleilande.
- **Verklaarde aanwysers van bosindringing** – inheemse spesies wat in sekere omstandighede, byvoorbeeld oorbeweiding, bosverdigting kan veroorsaak; die WBLH skryf bestuurspraktyke voor wat gemik is op die voorkoming van bosindringing, en op bestryding waar dit reeds voorkom.

---

Die hoofverantwoordelikheid vir die afdwing van die WBLH berus by die Nasionale Departement van Landbou

---

Byna 400 plantspesies is in April 2007 in hierdie kategorieë geïdentifiseer.

Die WBLH word geadministreer deur die Nasionale Departement van Landbou, deur sy Direkoraat: Grondgebruik en Grondbestuur.

# Wet op Lewende Mariene Hulpbronne

Die hoofmerk van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne (WLMH, No. 18 van 1998) is om lewende marinehulpbronne te bewaar deur:

- volhoubare perke vir die ontginning van hulpbronne te stel,
- visserybestuursgebiede vir die bestuur van die spesies te verklaar,
- planne vir bewaring, bestuur en ontwikkeling goed te keur,
- skadelike visvangmetodes te verbied en te beheer, en
- beskermde marinegebiede (BMG's) te verklaar.

Riviermondings is tans nie by BMG's ingesluit nie, hoewel hulle uiters belangrike komponente van marinesisteme is. Daar is sterk aandrag om riviermondings in die toekoms by BMG-benamings in te sluit.

Die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne hef alle ander strydige wetgewing ten opsigte van lewende marinehulpbronne op. Dit het tot gevolg gehad dat sekere provinsiale en plaaslike wetgewing wat doeltreffende beskerming vir lewende hulpbronne gebied het, vervang is voordat behoorlike beskermingsmaatreëls kragtens die nuwe Wet ingestel kon word.

---

'n Elektroniese weergawe van die Wet is op die CD ingesluit.

---

---

Die hoofverantwoordelikheid vir die implementering van die WLMH berus by die Nasionale Departement van Omgewingsake & Toerisme.

---

# White Paper on Coastal Zone Development

---

Die hoofverantwoordelikheid vir die implementering van die Nasionale Omgewingsbestuur: Kussonewetsontwerp berus by die Nasionale Departement van Omgewingsake & Toerisme.

---

Die White Paper on Coastal Zone Development (slegs in Engels) sal die Nasionale Omgewingsbestuur: Kussonewetsontwerp word. Die Witskrif dui op 'n fundamentele verandering in hoe ons oor die kus dink, en lui 'n nuwe era vir kusbestuur in. In wese is die oogmerk van die beleid om in vennootskap met alle Suid-Afrikaners volhoubare kusontwikkeling deur middel van 'n toegewyde en geïntegreerde kusbestuursbenadering te bereik.

Die Witskrif oor Volhoubare Kusontwikkeling is 'n baie progressiewe beleidsverklaring oor kusbestuur, en alle kusbestuurders in elke sfeer van die regering moet met die bepaling vertroud wees, veral wanneer oorweging geskenk word aan ontwikkelingsaktiwiteite wat met kushulpbronne verband hou. Buiten die bevordering van 'n deelnemende bestuursbenadering, beklemtoon hierdie dokument die belangrikheid van 'n besef van die waarde van die kus en die **absolute vereiste van instandhouding van die diversiteit, gesondheid en produktiwiteit van kusekosisteme**, wat die grondslag van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling is. Die Witskrif erken ook die behoefte aan afwenteling van bestuursverantwoordelikheid van nasionale na provinsiale en plaaslike vlak.

Die voorgestelde Wetsontwerp is van besondere belang vir die bestuur en ontwikkeling van riviermondings.

# Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels

Hoofstuk 5 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (No. 32 van 2000) handel oor Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning wat vereis dat elke plaaslike owerheid een inklusiewe plan vir die ontwikkeling van daardie munisipaliteit aanvaar. 'n Geïntegreerde Ontwikkelingsplan moet beplanning oor 'n verskeidenheid sektore soos water, vervoer, grondgebruik en omgewingsbestuur omvat en harmonieer.

---

Die hoofverantwoordelikheid vir die implementering van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels berus by die Nasionale Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering.

---

# Wet op Ontwikkelingsfasilitering

---

Die hoofverantwoordelikheid vir die implementering van die Wet of Ontwikkelingsfasilitering berus ook by die Nasionale Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering.

---

Hierdie Wet (No. 67 van 1995) vereis die stel van Grondontwikkelingsdoelwitte. Hierdie doelwitte sluit die identifkasje van die uitwerking van ontwikkeling op natuurlike hulpbronne soos water in.

# Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne

Hierdie Wet (No. 28 van 2002 (nie in Afrikaans uitgegee nie) bevat die statutêre vereistes rakende die toepassing van omgewingsbewaring en die bestuur van myninvloede, insluitend sand- en kusmynbou. Die wet vereis omgewingbestuursprogramme (OBP's) wat 'n myn se uitwerking op die omgewing identifiseer en 'n duidelike program verskaf oor hoe dit bestuur sal word, gegrond op 'n Evaluering van Omgewingsinwerking (EOI). Om voldoening aan omgewingskwessies te verseker, vereis die Wet konsultasie met elke departement belas met die administrasie van enige wet wat verband hou met enige aangeleentheid wat die omgewing beïnvloed voordat 'n OBP goedgekeur mag word.

Die Wet word deur die Departement van Minerale en Energie geadministreer.

Aangesien mynbou en boorwerk 'n diepgaande uitwerking op die watergehalte en die hoeveelheid water in natuurlike stelsels kan hê, en beide oppervlakwater- en grondwaterstelsels ernstig kan ontwig, is hierdie wet van besondere belang vir opvanggebiedsbestuur in talle gebiede in Suid-Afrika.

---

Die hoofverantwoordelikheid vir die implementering van die Wet of die Ontwikkeling van Minerale en Energiehulpbronne berus by die Nasionale Departement van Minerale en Energie.

---

# Vir Meer Oor Wetgewing

## Verwysings en Verdere Leesstof

DWB (Department van Waterwese en Bosbou). 2007. *Guidelines for the Development of Catchment Management Strategies: Towards Equity, Efficiency and Sustainability*. DWB, Pretoria.

WRC (Watervorsingskommissie). 2006. *Discussion Paper on Cross-Sector Policy Objectives for Conserving South Africa's Inland Water Biodiversity*. WRC Report No. TT 276/06.



